infoworks
your ideas can fly

# Agri NW aanlyn- en Facebook-strategie

Eerste konsep – 22/06/2016

***OORHOOFSE STRATEGIE***

Agri NW se **aanlyn- en Facebook-strategie** het ten doel om die organisasie se waardeproposisie deur middel van die internet en Facebook effektief aan teikengehore oor te dra.

***DOELWITTE***

Die strategie vorm Agri NW se roetekaart om die volgende te bereik:

a) Oordrag van inligting aan belangegroepe
b) Skep deurgaans bewustheid van die Agri NW handelsmerk en verhoog blootstelling aan huidige en potensiële lede
c) Opvoeding van teikengehore oor die impak van Agri NW
d) Benut Facebook om 'n Agri NW aanlyn-gemeenskap op te bou vir groter lojaliteit en verhoogde kommunikasie en dialoog onder lede
e) Demonstreer Agri NW se deelname aan gemeenskapbou en sleutelbetrokkenheid in die landbougemeenskap
f) Vestig 'n groeiende gemeenskap van besoekers aan die webtuiste wat verteenwoordigend is van Agri NW se ledetal en invloedsfeer
g) Optimalisering t.o.v. soekenjins met die doel om Agri NW se aanlyn-netwerk so wyd moontlik uit te brei

***WEBTUISTE***

Agri NW poog om die webtuiste aan te wend om doeltreffend elektronies met sy lede, belanghebbendes en die algemene publiek te kommunikeer. Dit word gedoen deur die inhoud van die webwerf deurlopend by te werk sodat die webtuiste 'n op-datum weerspieëling is van Agri NW se werksaamhede op verskeie vlakke.

***FACEBOOK***

Agri NW inkorporeer sosiale media in sy pakket van kommunikasiemediums, maar verkies om dit tans tot Facebook te beperk. Hoewel onderwerpe van algemene belang vir Agri NW se teikengehore oorweeg sal word vir plasing op Facebook, is die uitgangspunt om plasings aktueel, relevant en verkieslik eie aan Agri NW en sy aktiwiteite/aksies te hou en tydig op navrae of kommentaar te reageer.

***WERKSWYSE***

*Algemeen*

Ten einde die effektiewe bestuur van die inhoud en tegniese aspekte van die webtuiste en Facebook te verseker, wys die Beeldbou- en Kommunikasiekomitee 'n Stuurkomitee aan wat ses keer per jaar met Infoworks Media Publishing as aangestelde diensverskaffer vergader, waarvan drie vergaderings in Lichtenburg en drie in Klerksdorp plaasvind op ooreengekome datums.

*Webtuiste*

*ʼn Inhoudbestuursooreenkoms van minstens 3 ure per maand is met Infoworks ooreengekom. Opdatering van teks, foto's of videogrepe sal op ʼn tweeweeklikse basis gedoen word. Ondersteuning word deur Infoworks aan lede van Agri NW gegee vir intekening op My Agri NW.*

- Die bywerking en goedkeuring van inhoud word deur Me Wanda Potgieter van Agri NW gekoördineer. Alle versoeke uit Agri NW se strukture moet dus via haar gekanaliseer word.
- Wanneer Infoworks ʼn instruksie per e-pos ontvang, word die bywerking deur Infoworks gedoen en vir haar deurgegee vir aftekening.
- Infoworks onderneem om deurgaans voorstelle te maak ten einde die inhoud aktueel te hou en soekenjinoptimalisering aan te spoor.
- Aangesien Agri NW die finale seggenskap het oor inhoud wat geplaas word, sal Infoworks slegs ʼn plasing op die webtuiste doen in opdrag of op versoek van Agri NW.
- ʼn Analise van unieke besoekers, tyd spandeer en gewildste afdelings op die webtuiste sal tydens die tweemaandelikse vergadering deur Infoworks vir evaluasie en bespreking voorgelê word.

*Facebook*

*ʼn Omdraaityd van 8 ure of een werksdag nadat ʼn instruksie van Agri NW ontvang is, behoort deur Infoworks gehandhaaf te word. Die administrateurs van die Agri NW Facebook-bladsy is Mev Wanda Potgieter, die Assistent-hoofbestuurder van Agri NW en Infoworks.*

- Die bywerking en goedkeuring van inhoud word deur Me Wanda Potgieter van Agri NW gekoördineer. Alle versoeke uit Agri NW se strukture moet dus via haar gekanaliseer word.
- Infoworks onderneem om deurgaans voorstelle te maak oor die inhoud van plasings.
- Aangesien Agri NW die finale seggenskap het oor inhoud wat geplaas word, sal Infoworks slegs ʼn plasing op Facebook doen in opdrag of op versoek van Agri NW.
- Aksies om die hoeveelheid volgelinge van die Facebook-bladsy te verhoog, sal tydens die tweemaandelikse vergadering bespreek, uitgevoer en gemonitor word.

*Dienslewering*

Indien die Elmarie Helberg, eJoernalis van Infoworks, vir 'n bepaalde tyd nie op kantoor is nie, sal Agri NW vooraf in kennis gestel word, met kommunikasie oor wie by Infoworks vir haar instaan.

*NOTA: Die Beeldbou- en Kommunikasiekomitee moet nog ʼn besluit formuleer oor die plasing van advertensies deur lede op die webtuiste en op Facebook.*